# KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

# BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

**STRAATWERK** "2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad. 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

eld

Die NG KERK se 2025 Desember Basaar is op hande - grootste Basaar op die Suidpunt! Ons woeker Woensdag, 17 Des en Donderdag, 18 Des, met sulke regte, egte, basaarkos... pannekoek en jaffels en kerrie en rys en boereworsrolle en bobotie, en 'n gevriesde pastei of twee...en die heerlikste koffie/tee en cappuccino.... Maar dan kom woeker ons Vrydag, 19 Des.met speletjies vir die kinders en perdjies om op te ry... en die basaarkos kry poedings by en in egte Suidpuntstyl, kry die gewone 'n kinkel .... en hier kom die afval, en amper Italiaanse lasagne, en nog pasteie (kerrievleis en lam en hoender)..... Basaardag Saterdag is 'D' Dag...nog meer te kus en te keur - koeke en koekies en beskuit en terte, en baie poedings, en lekkerlees boeke, en 'dit en dat' by wit olifant tafel .... en lekker musiek .... Het ek nou iets vergeet ... Sjoe, kom kyk gerus self... daar is iets vir almal! Tweede-kansklere sal net op ons GROOT BASAARDAG (20 Desember) verkoop word. Verkope vir Woekerdae en die BASAAR is van 09H00 tot so 13H00 se kant, in Struisbaaikerk.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

14 Desember 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 14/12**
08h30 Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale kollekte:
Barmhartigheid
**Dinsdag**
Versoeningsdag

**EREDIENSTYE 21/12**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale kollekte:
Straatwerk
19h00 Kerssangdiens

Sanette se dogter het 'n sertifikaat in aptekerswese verwerf. Baie geluk, Astrolita Abigale Mentoor!






Ons Kerssangdiens, getiteld EENVOUD, vind plaas op Sondag, 21 Desember, om 19h00 in Struisbaaikerk.
Jy kan jou regmaak vir 'n fees van koor- en gemeentesang, aangevul deur kindertoneel met ons eie Struisbaaikinders.

**GELOFTE-/VERSOENINGSDAGDIENS op** 16 Desember om 09H00 in L'Agulhaskerk, Cooperstraat.

**KERSDAGDIENSTE** op
25 Desember 2025

| STRUISBAAI HOOFWEG | L'AGULHAS COOPER STR |
|---|---|
| 7h00 | 7h00 |
| 8h00 | 8h00 |
| 9h00 | 9h00 |

**Teksvers vir die week:** Jesaja 9 vers 5 - Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee; en die heerskappy is op sy skouers, en Hý word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.

## Ons bid vir...

1. Mense wat oor Kerstyd alleen of hartseer is.
2. Seën op al ons verrigtinge: Eredienste, opvoerings, Kersvader en woekerdae en verkope.
3. Veiligheid op ons paaie en in ons land.
4. Almal wat U nodig het.

**Dankie vir:**

1. Die voorreg om U kind genoem te kan word.
2. Goeie samewerking.
3. Gewilliges wat werk by ons woekerdae & basaar.
4. Suidpuntkoor en die kinders en almal wat hard oefen vir ons Kerssangdiens.
5. Die geseënde deelname aan Riviersonderend se Kerssangdiens.
6. Soveel mense wat hulle gawes in U diens stel.




## Kersvader

Kersvader kom kuier weer vir die kinders op Dinsdag, 23 Desember, vanaf 17:00 by die NG kerk in L'Agulhas.
Pa's en Ma's, Oupas en oumas word uitgenooi om die informele geleentheid by te woon en te deel in die pret.
Ons is baie opgewonde om iets totaal nuut en vars aan te bied!
Ons geleentheid speel af op die grasperk langs die kerk. Jy is welkom om jou eie kampstoel te bring, of jy kan 'n saalstoel gebruik.
Indien die weer nie geskik is nie, sal ons net na die saal skuif.
Koop 'n geskenk, draai dit toe en MERK DUIDELIK (Kind se NAAM en VAN wie die geskenk moet ontvang. Die geskenke kan afgegee word by die NG-Kerkkantoor in Struisbaai tussen 8:00 en 12:00 soggens. Die sperdatum hiervoor is Vrydag, 19 Desember.
Merk die datum, versprei die nuus en kom woon dit by! Daar wag 'n HEERLIKE VERRASSING vir die kinders! Jy sal spyt wees as jy dit misloop!
Navrae Max Michau by 083 557 1300

**NOSTALGIE - Erika Steyn**

Busry en ek...Sondag was ek weer kind op Napier. Daardie tyd was dit vir baie van ons nie beskore om oor eie vervoer te beskik nie, en enigste uitweg was vir baie met 'n bus. Die Stofbus het elke oggend vroeg vertrek vanaf die ou poskantoor net agter die kerk op Napier na Caledon. My ma het my graag gestuur na my sus daar vir 'n skoolvakansie, as daar 'n nuwe aankomeling was, om te gaan help in die huis. Die bus het net stofpaaie gery en by amper elke plaas gestop om melkkanne op of af te laai, ook possakke. Ek besef nou dit was 'n dagrit te perd. Baie lank! Ons het ook Letterkunde as vak gehad op Napier en 'n jaarlikse hoogtepunt was 'n besoek in die aand aan die Nico Malan Teater vir 'n opvoering van een van ons letterkunde boeke, natuurlik met die skoolbus. Oom Kappie Fourie was ons busbestuurder vir al die tye daar wat ek onthou. Kan nie onthou hoe laat ons tuis gekom het nie. Een maal per jaar is ons ook na Goodwood se skougronde vir die jaarlikse skou daar. Van swings ry tot stock cars kyk, en deurmekaar eet. 'n Absolute belewenis vir 'n kaalvoet plaaskind! Busry was baie georded. Jy het senioriteit Gehad, nie volgens ouderdom nie, maar volgens jou kys. Die meeste steady kyse het die bus van agter af volgemaak na voor. Dit was 'n lang rit van die Kaap af terug tot op Napier. Ek het nooit die agterste sitplekke gehaal nie. Bredasdorp het 'n regte fliek gehad. As ons in die skoolvakansie genoeg kinders vir die bus kon bymekaarmaak, het oom Kappie ons fliek toe geneem. Eintlik wou ek net sê baie dankie vir die busrit, nostalgie. Dankie vir Kobus P, dankie vir Christa-Marié en Ronel. Dit was 'n walk down memory lane. Beide busbestuurders was ongelooflik bedagsaam en sorgsaam. So mooi gehelp dat almal veilig in en uit. Dra asb.ons dank oor.

## Dolf van der Merwe

Ja, busry het so verander. My eerste bus skool toe was 'n perdekar. Eers soggens die perd vang en inspan dan by die plaasskool weer uitspan. Later het ons grand geraak en kon ons op 'n bus klim. 'n Austin vragmotor met n kap wat party dae plaasprodukte ry en dan weer kinders. Ons sitplekke was houtbanke, alles net grondpad. Later in my hoërskooljare moes ons soggens 7 km met fietse ry om die bus te haal. As die noordwester sterk waai, het my pa ons met 'n ou Bedford vragmotor kom haal. Die ou vragmotortjie het soos 'n droom gery teen die stormsterk wind. Was heerlik om weer Sondag in 'n bus te ry met sagte sitplekke op 'n teerpad met 'n verantwoordelike bestuurder en aangename mense.